DEPARTMENT OF EDUCATION

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

LEFAPHA LA THUTO

ISEBE LEZEMFUNDO

FRANCES BAARD DISTRIK

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE 2014

PUNTE: **120**

TYD: **2 ½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	TAAL (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)
AFDELING D:	LETTERKUNDE (VRAAG 6)	(40)

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: ARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

VERSORGING VAN JOU NUWE KATJIE

’n Nuwe omgewing

1 ’n Nuwe omgewing is baie stresvol vir ’n nuwe katjie. Gee die katjie tyd om in hulle nuwe omgewing aan te pas voordat jy hulle aan nuwe diere bekend stel. Maak seker dat al die deure en vensters toe is. Maak ook die kaggel voor toe. ’n Oop donker kaggel is baie aanloklik vir ’n senuweeagtige katjie. Maak seker dat die katjie weet waar sy sandput, sy bed en sy bakkies vir kos en water is.

2 Die katjie se bed moet hom beskerming bied wanneer hy vol stres is. Dit moet warm, droog en gerieflik wees. Daar is verskillende beddens om van te kies in uitgesoekte winkels. Jy kan ook slegs ’n kartondoos wat ’n gat aan die eenkant het, gebruik. Voer die doos uit met ’n warm kombersie. Plaas die doos in ’n veilige en beskermende hoek waar dit warm is. Die kat sal dan warm en veilig voel. Gedurende die eerste paar nagte kan jy ’n warmwaterbottel onder die kombersie in die katjie se hok plaas. Dit sal vergoed vir die afwesigheid van die kat se ma, die ander kleintjies en die ou omgewing.

Bekendstelling aan ander diere en kinders

3 ’n Katjie moet geleidelik, sagkens en baie stil aan sy ander huismense bekend gestel word. Opgewonde kinders kan baie maklik ’n klein katjie per ongeluk seermaak. Laat kinders onder toesig met ’n klein katjie speel. Moenie toelaat dat ’n katjie onnodig opgetel word nie. Kinders moet aangemoedig word om op die vloer te sit en te wag totdat die katjie na hulle toe kom. Maak seker dat die katjie ophou speel wanneer dit genoeg van speel gehad het. ’n katjie moet nie soos ’n speelding behandel word nie. ’n katjie, soos ander jong diertjies, benodig baie slaap en moet toegelaat word om genoeg te slaap.

4 ’n katjie moet met groot versigtigheid aan ’n kat of ’n hond bekend gestel word om konflik te voorkom. ’n Slegte ervaring sal moeilik vergeet word. ’n draadheining tussen die katjie en die hond is ideaal om hulle aan mekaar gewoond te laat raak. Aggressiewe honde het meer tyd nodig om gewoond te raak aan nuwe diere op die werf. Hulle moet so kalm as moontlik gehou word. Die beste is ook dat hy vasgemaak aan sy kant van die heining sit en gewoond raak aan die katjie aan die anderkant. Dit is ook raadsaam om die hond aan die eenkant in ’n kamer vas te maak te hê en die katjie veilig aan die ander punt van die kamer. Laat hulle toe om aan mekaar gewoond te raak en

self na mekaar te gaan. Dit moet onder toesig gebeur. Hierdie proses sal baie tyd in beslag neem. Jy moet geduldig wees. Beloon die hond as hy hom goed gedra.

5 Wanneer jy vir die eerste keer ’n katjie huis toe neem, moet hy met dieselfde kos waaraan hy gewoond is, gevoer word. ’n Skielike verandering in die katjie se dieet saam met stres van die nuwe huis kan lei tot diaree. Indien jy die katjie se dieet wil verander, moet dit geleidelik gedoen word. Katjies het baie klein magies en moet min maar gereeld, soos babas gevoer word.

6 Daar is spesiale kos vir katjies, omdat hulle behoeftes van groot katte verskil. Lees en volg die instruksies op die kospak noukeurig. As die kos “gebalanseerd” aandui, bevat dit alles wat die kat nodig het om gesond te bly. As dit “aanvullend” aandui bevat dit nie alles wat die kat nodig het nie en moet die kat ’n voedselaanvulling kry.

7 Moenie die katjie koeimelk voer nie, want dit kan die katjie diaree gee. Indien jy die katjie melk wil voer, moet hy spesiaal geformuleerde melk vir katte kry. As diaree vir meer as vier en twintig uur aanhou, moet die veearts raadpleeg word. Vars water moet te alle tye beskikbaar wees.

Buitentoe

8 Jou katjie moet ingeënt word wanneer hy 13 weke oud is. Jou katjie moet nie vir ’n week nadat hy ingeënt is, die huis verlaat nie. Die katjie kan eers buitentoe gaan as hy al sy inspuitings gehad het en gewoond is aan jou huis. Kies ’n sonnige dag om die katjie na buite te neem. Laat die katjie toe om die omgewing te verken. Hou aan om saam met die katjie buitentoe te gaan, totdat hy gereed is om alleen in en uit te gaan. Dit is raadsaam om nie die katjie vir sy eerste ses maande alleen buite te laat speel nie.

1.1 Noem TWEE dinge wat jy moet doen jou nuwe katjie te help om gewoond te raak aan die nuwe huis. (paragraaf 1) (2)

1.2 Noem TWEE redes waarom ’n nuwe katjie verlore en alleen kan voel?. (paragraaf 2) (2)

1.3 Wat is ’n goedkoper bedjie vir jou nuwe kat? (paragraaf 2) (2)

1.4 Kinders mag sonder toesig met klein katjies speel.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.5 Wat dink jy bedoel die skrywer as hy sê: “’n katjie moet nie soos ’n speelding behandel word nie.” (paragraaf 3) (2)

1.6 Noem TWEE maniere hoe ’n katjie aan ander diere bekendgestel moet word? (paragraaf 4) (2)

1.7 Hoekom moet ’n nuwe katjie soos ’n menslike babas gevoer word? (paragraaf 5) (1)

1.8 Skryf TWEE oorsake van diaree by ’n nuwe katjie neer. (2)

1.9 Waarna sal jy kyk wanneer jy vir jou nuwe katjie kos koop? (paragraaf 6) (1)

1.10 Hoekom kan jy nie vir klein katjies die groot katte se kos koop nie? (paragraaf 6). (1)

1.11 Wat dink jy kan gebeur as jou katjie vir meer as vier en twintig uur diaree het? (paragraaf 7) (1)

1.12 Skryf VYF AGTEREENVOLGENDE woorde neer wat daarop dui dat jou katjie nie sonder water moet wees nie. (paragraaf 7) (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi.

’n Katjie moet …

A moet in sy hok gevoer word.
B nie koeimelk gevoer word nie.
C moet twee keer ’n dag gevoer word.
D nie kos uit die huis gevoer word nie. (1)

1.14 Waarom dink jy moet ’n katjie ingeënt word? (paragraaf 8) (1)

1.15 Die skrywer sê dat ’n nuwe katjie op ’n sonskyndag buitentoe geneem moet word.

Stem jy met saam? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Sê waarom die titel by die teks pas. (1)

1.17 Hoe maak die **subhofies**, *’n nuwe omgewing, bekendstelling aan ander diere en kinders* en *buitentoe* dit vir jou makliker om die artikel te lees. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord.

Die doel van die artikel is om die leser ...
A in te lig oor hoe om na ’n nuwe katjie om te sien.
B te oorreed om ’n nuwe katjie te koop.
C af te raai om ’n nuwe katjie te koop.
D die geskiedenis van ’n nuwe katjie te leer. (1)

1.19 Gee TWEE redes waarom jy vir jou ’n katjie sal koop, noudat jy hierdie artikel gelees het? (2)

[26]

TEKS B: VISUELE TEKS

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae.

Bron: Internet

1.20 Watter tyd van die dag drink die vrou tee? (1)

1.21 Haal EEN woord uit die teks aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.22 Hoe weet ons dat sy tee drink? (1)

1.23 Skryf TWEE bewyse neer wat aandui dat die vrou alleen is. (2)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord.

Wanneer mense ’n ouerige vrou met ’n kat sien, dink hulle sy is ’n oujongnooi.

Dit is ’n voorbeeld van ...

A oordrywing.
B stereotipering.
C simboliek.
D klanknabootsing. (1)

[6]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

TEKS C

- Som die beangrikste feite oor DIE NADELE van die televisie in SEWE sinne op.
- Skryf die sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

1. Met die koms van die televisie in die 1970's het die bioskope groot verliese gely. Die televisie het die wêreld tot in die huis gebring. Die lewendige televisieprogramme en wêreldnuus het veroorsaak dat mense minder lees.

2. Wanneer ons televisie kyk, neem dit die behoefte om te lees weg. Die afwesigheid van lees is ongesond vir jong kinders, want hulle sal met die vermoë om te praat opgroei, maar nie kan lees nie. Nie net word hulle skryfvermoë negatief beïnvloed nie, maar ook hulle denkvermoë.

3. Televisieprogramme ontneem die mens daarvan om te dink. Die stories, idees en feite is so volledig dat dit nie nodig is om verder te dink nie. Blootstelling aan sulke televisieprogramme wat keer dat jy krities dink, sal jou vermoë om dinge te ontleed strem.

4. Klein kinders se taalvermoë ontwikkel vandag vinnig as gevolg van vroeë blootstelling aan televisieprogramme. Die televisie in die huis is ook goed vir ouers wat werk en te besig of te moeg is om hulle kinders uit te neem vir vermaaklikheid.

5. Ek beveel aandat mense selektief televisie kyk. Hulle moet nie verval in die gewoonte om al hulle beskikbare tyd voor die televisie deur te bring nie. Die televisie moet as gebalanseerde tydverdryf dien.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3

TEKS C: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

1 Wat bedoel die skrywer met die woorde "vyf sekondes voor 'n Arnica oomblik"? (2)

2 Kyk na die prentjie en sê waarom dit verband hou met die bostaande stelling. (1)

3 Die kind het toestemming om vir hom koekies te neem.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4 Waarom is die woord "*DEEP HEAT*" in hoofletters geskryf? (1)

5 Kies die korrekte antwoord.

"Deep Heat" is in die vorm van 'n olie en 'n jel wat jy aan jou kan ...

A pleister.
B smeer.
C heg.
D vasmaak. (1)

7 Voltooi die sin.

Die jel sal in die buisie te koop aangebied word, omdat ... (1)

8 "*Deep Heat*" bestaan uit twee bestanddele waarvan die een olie of jel is. Noem die tweede bestanddeel. (1)

9 Gee TWEE redes waarom jy die produk, "*Deep Heat*", sal koop. (2)
[10]

VRAAG 4

TEKS D: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.

Bron: Internet

4.1 Watter verskoning gebruik Willem om nie vir Meneer te help nie? (1)

4.2 Watter woord in raampie 2 dui aan dat Meneer nie vir Willem glo nie? (1)

4.3 Hoe kan Willem vir Meneer help? (1)

4.4 In raampie 2 wil Meneer die antwoordstelle rangskik.

Dink aan TWEE maniere hoe Meneer die vraestelle kan rangskik en skryf dit neer. (2)

4.5 Watter woord in raampie 3 sê vir ons dat Meneer tevrede is? (1)

4.6 Skryf TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE raampie 3 neer wat daarop dui dat hulle nog besig is om te werk. (1)

4.7.1 Watter aksie in raampie 4 dui vir ons aan dat Willem die waarheid in raampie 1 gepraat het? (1)

4.7.2 Hoekom sê jy so? (1)

4.8 Watter les het Meneer geleer? (1)
[10]

VRAAG 5

TEKS E: PROSA

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.

Bet het besluit om 5.1 (aand + eet) vir haar familie te kook.
5.2 (Haar ma het tot laat gewerk.) Sy het nie altyd tyd 5.3 (kook) nie.
"Jy weet nie hoe om te kook nie!" het haar broer gesê.
Bet het deur kookboeke geblaai. Sy het 5.4 ('n lys van bestanddele en die instruksies gevind om kos te maak) waarvan sy hou.
Sy het na die kruidenierswinkel gery en alles wat sy nodig sou kry, gekoop. Toe sy by die huis kom, het sy die potte en 5.6 (pan) uit die pottekas gehaal. Sy het die groente geskil.
Die eerste resep was te 5.7 (moeilik) om te verstaan. Die kos het gebrand. Bet het weer probeer. Die kos het vir die tweede keer gebrand. Sy moes al die kos weggooi.
Bet was ongelukkig. Sy het 'n 5.10 (maklik) resep gekies.
Toe haar ma by die huis kom, was die kos gaar. Die kos het lekker gesmaak! Haar broer het saam met hulle ma gestem dat Bet kos kan kook.

5.1 Bet het besluit om (aand + eet) vir haar familie te kook.

Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. (1)

5.2 Haar ma het tot laat gewerk.

Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD. (1)

5.3 Sy het nie altyd tyd (kook) nie.

Skryf die sin oor en gebruik die INFINITIEF KORREK. (1)

5.4 Sy het ('n lys van bestanddele en die instruksies gevind om kos te maak) waarvan sy hou.

Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. (1)

5.5 Bet ry winkel toe.

Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD. (2)

5.6 Gee die MEERVOUD van **pan**. (1)

5.7 Gee die ANTONIEM vir **moeilik.** (1)

5.8 Bet sê: “Die kos brand.”

Skryf die sin in die INDIREKTE REDE. (2)

5.9 Skryf die sin in die KORREKTE WOORDORDE.

(vinnig) Bet (in die kombuis) skil die groente(vandag).

Skryf die sin in die KORREKTE VOLGORDE. (1)

5.10 Sy het ’n (maklik) resep gekies.

Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. (1)

5.11 Die kos was gaar.

Verander die sin in ’n vraagsin deur die VRAAGWOORD “**wat**” te gebruik. (2)

[14]

TEKS F: PRENT MET KORT TEKS

Lees die prent hieronder en beantwoord die vrae.



Pa lê (5.12) .... die rusbank en slaap. Hy is 5.13 (moeg / doodmoeg / moeër). Hy het nagskof gewerk. Pa is amper 5.14 (lank) as die rusbank. 5.15 (Pa wou eers sokker kyk. Hy gaan bed toe.)

5.12 Pa lê .... die rusbank en slaap.

Vul die ontbrekende VOORSETSEL in. (1)

5.13 Hy is (moeg / doodmoeg / moeër).

Kies die INTENSIEWE VORM. (1)

5.14 Pa is amper (lank) as die rusbank.

Gee die VERGROTENDE TRAP. (1)

5.15 Pa wou eers sokker kyk. Hy gaan bed toe.

VERBIND die twee sinne met die woord “voordat”

Begin só: Pa wou eers ... (2)

5.16 Kies die KORREKTE ANTWOORD.

Die tekens, **zzzzz**, bokant Pa se kop dui aan dat hy slaap.

Dit word ... genoem.

A simboliek
B klanknabootsing
C hiperbool
D sarkasme

(1)
[6]

TOTAAL AFDELING: 40

AFDELING D: LETTERKUNDE

VRAAG 6: KINDERS VAN DIE AARDE - CHARLES FRYER

TEKS D: Rooikoos Willemse is soek - AH de Vries

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

> Hoekom hy aan die drink geraak het, het g’n mens geweet nie, miskien omdat g’n mens dit gemerk het voordat dit al taamlik ver boom se kant toe gestaan het met hom nie. Maar ewentewil, toe Barrydale se eerste span daardie Saterdag op my dorp kom speel, toe was Rooikoos Willemse al by dié stadium waarop mens sou kon sê die tier lê hom vas en hy skop nie eens meer nie; die melk lóóp sommer maar net in sy mond in!

6.1 Waarom, dink jy, het Rooikoos Willemse die naam Rooikoos gekry? (1)

6.2 Wat beteken dit as jy sê dat iemand soek is? (1)

6.3 Die TITEL van die verhaal het ’n letterlike en figuurlike betekenis.

6.3.1 Wat is die letterlike betekenis van die verhaal? (1)

6.3.2 Wat is die figuurlike betekenis van die verhaal? (1)

6.4 Wat was Rooikoos se swak puntjie? (1)

6.5 Hoekom het Rooikoos nie meer op sy pa se plaas gewoon nie? (1)

6.6 Wie was die persoon wat toegesien het dat Rooikoos kos gekry het? (1)

> Toe kry hulle vir hom 'n kamer in die hotel daar, betaal vir hom vir die nag en daar los hulle hom toe. Op die bed uitgetrek, toegemaak, de lot. Nie pajamas nie, dit was nie so koud nie.

6.7 Wat was die nommer van die kamer in die hotel in die dorp waar Rooikoos gebly het? (1)

Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

6.8 Die hotel waar Rooikoos hom in die uittreksel bevind het, was …

A in die Boland.
B in Barrydale.
C in Rooikoos se dorp.
D by die see. (1)

6.9 Wie het vir Rooikoos die koffie gebring? (1)

6.10 Kies die gebeurtenis uit KOLOM B om by die plek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.10.1 – 6.10.3) en die letter (A-D) neer

	KOLOM A	KOLOM A
6.10.1	Die hotel in Barrydale	A Die Barrydalers kry die strafskop
6.10.2	Die rugbyveld in Rooikoos se dorp	B Rooikoos dreig die Barrydalers
6.10.3	Die hotel in Rooikoss se dorp	C Rooikoos sien homself die volgende dag uitgerek op sy bed.
		D Die Barrydalers kleur Rooikoos se baard

(3)

6.11 Voltooi die volgende paragraaf deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.11.1 – 6.11.5) neer.

> swart; rooi; blond; Barrydalers; baard; snor; oumense; dronk; hare; Swartlanders

Rooikoos was in ’n vreemde kamer omdat hy die vorige aand baie (6.11.1) … geraak het, en die (6.11.2) … het hom in dié toestand na hulle dorp ontvoer. Daar het hulle sy (6.11.3) … afgeskeer en sy (6.11.4) … gekleur. Toe was dit nie meer rooi nie, maar (6.11.5) … (5)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Aan die einde van die verhaal soek Rooikoos homself omdat hy …

A dronk is.
B nie meer weet wie hy is nie.
C kwaad is.
D nie van homself hou nie. (1)

6.13 Watter belangrike les leer jy uit die lewe van Rooikoos? (1)

[20]

TEKS E: Die ramp - TT Cloete

6.14 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Kies uit die volgende lysie:

koors; weer; oorverhit; rampe; weldoener

Die rit was baie moeilik, want die 6.14.1 ... was nie lekker nie. Die man het baie 6.14.2 … op sy pad gehad. By Humansdorp het die kleintjie ’n 6.14.3 … ontwikkel. By Jeffreysbaai het die motor 6.14.4 ... Gelukkig het ’n 6.14.5 ... hom gehelp. (5)

Lees deur die uittreksel en beantwoord dan die vrae.

Ons was in Houtbaai met vakansie. Daar het my vrou baie siek geword. Al geneesheer in die omgewing was ’n afgetrede dokter wat net goed genoeg was om haar hand vas te hou, soos my vrou gesê het. Toe sy erger word, het ek teen hoë koste ’n geneesheer uit _____ laat kom.
Die rit per motor na ons huis in Port Elizabeth sou te vermoeiend wees.

6.15 Wat het die vrou makeer? Kies uit die volgende moontlikhede:

A Sy het ’n hoë koors gehad.
B Sy het ’n bloeiende maagseer gehad.
C Sy het ’n hartaanval gehad. (1)

6.16 Waarmee moes die vrou toe huis toe gaan? (1)

6.17 Dink jy die afgetrede dokter was ŉ goeie dokter? Sê JA of NEE.

Motiveer jou antwoord. (1)

6.18 Die man het ŉ dokter uit ŉ ander plek laat kom.
Gee die naam van die plek. (1)

6.19 Die rit was moeilik.

Gee TWEE redes waarom die rit moeilik was. (2)

6.20 Kies die korrekte antwoord: "teen ŉ hoë koste" beteken hy moes (baie geld betaal; baie kos koop; baie vinnig ry). (1)

Dis ŉ klein, geel Mini-stasiewaentjie wat stilhou. Die bestuurder klim uit, hoor my aan, sê min, asof hy die vrede nie heeltemal vertrou nie, luister afgetrokke na my, lig met sy flits in die motor en sien die ander kinders.

6.21 Wat het die bestuurder van die stasiewaentjie vir die siek kind gegee? (1)

6.22 Die insleepwa was die eerste motor wat gestop het om te help.

Motiveer waarom hierdie stelling **ONWAAR** is. (1)

Uiteindelik is my motor aan die insleepmotor gehaak. Die dag wil al amper breek. Ek wil my weldoener vergoed. Hy weier om iets van my te neem.

6.23 Skryf ŉ voorbeeld van personifikasie uit die uittreksel neer. (1)

6.24 Wat beteken die personifikasie in Vraag 6.23? (1)

6.25 Hoe vergoed ŉ mens gewoonlik ŉ ander mens? (1)

6.26 Wat dink jy, waarom wou die weldoener nie iets van die verteller gehad het nie? (1)

6.27 Verduidelik kortliks hoe jy die TITEL van hierdie kortverhaal verstaan. (2)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120